

# Die engelelied van Lukas 2:14

Die plek van die Woord in Tekskritiek en Bybelvertaling

**AH Bogaards**

**2022**

## Belangrike opmerking vooraf

Ek het 'n baie belangrike, noodsaaklike BYLAAG by hierdie artikel bygevoeg ter versterking en illustrasie van hierdie artikel.

Aan die begin van die BYLAAG spreek ek ook my kommer daaroor uit dat ons predikante en professore die Ou Testament losmaak van die Nuwe en omgekeerd. Sodoende bly die beginsel van Skrif met Skrif vergelyking in die slag

## 1. Inleiding

In hierdie artikel wil ek by drie vertalings van die engelelied van Lukas 2:14 stilstaan: die 1953-vertaling, die 1992- en 2020-vertaling.

Ek wil ten opsigte van die 1992- en 2020-vertaling aantoon:

1. hoe swak hierdie twee vertalings van Lukas 2:14 is;
2. hoe in die tekskritiek nie die Woord nie, maar menslike manuskripte die deurslag gee ten opsigte van die teks.

## 2. Die drie vertalings

- **1953-vertaling:**

Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehag.

- **1992-vertaling**

<sup>14</sup>“Eer aan God

in die hoogste hemel,  
 en vrede op aarde  
 vir die mense in wie Hy  
 'n welbehae het!"

- **2020-vertaling**

"Eer aan God in die hoogste,  
 en vrede op aarde vir die mense  
 in wie God 'n welbebehae het!"

### 3. Tekskritiek en die oorsprong van die 1992- en 2020-vertaling

Kom ons staan in die eerste plek stil by die laaste gedeelte van die vers 14.

Die 1992-vertaling vertaal: ... *vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!*

Die 2020-vertaling vertaal: ... *vir die mense in wie God 'n welbehae het!*


Waar kom hierdie twee vertalings aan hulle vertaling van Lukas 2:14?

Die antwoord moet gesoek word in die Griekse teks van die UBS. Die agtergrond van hierdie twee vertalings is 'n tekskritiese verandering deur die UBS teks: vir die mense *van die welbehae* (letterlik volgens die Grieks, welbehae 'n genetief ipv 'n nominatief).

Die twee vertalings voeg nog **Hy** (1992 in die Hy 'n welbehae het) en **God** (2020 in die God 'n welbehae het) in, wat nie in die Grieks staan nie. Die Griekse teks het dit nie ingevoeg nie, maar het dit om poëtiese redes (effek, nadruk) weggelaat.

## 4. Die 1953-vertaling en die Textus Receptus

In die Textus Receptus en die die 1953-vertaling het ons 'n wonderlike mooi **chiasme** (die Griekse letter chi/X). Kyk maar:



Dit is 'n perfekte chiasme. Dit is in die Grieks nog duideliker:

- *Eer* en *welbehae* is morfologies dieselfde naamval
- en die *aan God* en *aan die mense* klop eweneens morfologies en sintakties.

In die middel (die middelste versdeel) staan: *vrede op aarde*. En::

- In hierdie vrede word God geëer (**eer**);
- en hierdie vrede is die **welbehae**.

In sowel die *eer aan God* en die *welbehae aan mense* het ons met baie tipiese Hebreëuse uitdrukkings te make:

Die *welbehae in* word in die Hebreëus tipies weergegee met **r-ts-n** (=welbehae) en **be** (voorsetsel, in/aan).

## 5. Die Woord en Skrif-met-Skrif-vergelyking moet die meeste weeg

Die 1992- en 2020-vertaling in navolging van die Tekskritiek toon geen enkele kennis van die Hebreëus en Hebreëuse digkuns nie.

Die hele chiasme bly in die slag.

In die tekskritiek behoort na twee dinge geluister te word:

1. die interne getuienis (die Teks/Woord);
2. die eksterne getuienis (manuskripte).

In Lukas 2:14 (en gewoonlik) speel die interne getuienis in die UBS teks en die 1992- en 2020-vertalings egter geen rol nie.

My ervaring van die tekskritiek is dat die interne getuienis in die UBS-tekse bitter oppervlakkig is of geen rol speel nie. Dit doen tekort aan die hoogste gewig en gesag van die Woord en Skrif-met-Skrif-vergelyking.

Die sogenaamde interne getuienis is dikwels bitter oppervlakkig en beperk tot die direkte verse rondom die vers of die hoofstuk/perikoop. Ek weet nie of daar ooit dieper navorsing gedoen word en ook gekyk word na die Ou Testamentiese agtergrond van woorde nie. Skrif-met-Skrif-vergelyking in die ware sin van die Woord neem die hele Skrif in aanmerking.

## 6. My kommer en rede vir hierdie artikel saamgevat

Ek is diep bekommerd oor die rol wat die Woord en Skrif-met-Skrif-vergelyking speel in die bepaling van die gesagvolle Teks en in Bybelvertaling.

Die Woord is die hoogste en enigste gesag.



## BYLAAG Lukas 2:14 en Psalm 28 en 29

### Rede vir hierdie bylaag

Die Nuwe Testament is diep gewortel in die Ou Testament. Ons kan die Nuwe Testament (ook die engelelied van Lk 2:14) nie goed kan verstaan sonder die Ou Testament nie.

Ek wil dit alles verder bewys met hierdie oordenking. Hierdie oordenking is 'n illustrasie van wat tot hiertoe gesê is.

### Ons predikante en professore

Ek is baie bekommerd daarvoor dat ons predikante en professore die Nuwe Testament losmaak van die Oue en dat hulle die Ou Testament losmaak van die Nuwe in hulle wetenskaplike navorsing.

Op die manier bly die gesag van die Bybel en die Skrifbeginsel van Skrif met Skrifvergelyking in die slag.

In die buiteland word daar steeds meer en meer gevra na Christus in die Ou Testament en daar is 'n sterker wordende stroming by Ou-Testamentici om die Ou Testament met die Nuwe te verklaar.

Ek kry helaas die indruk dat al hierdie laasgenoemde navorsing in die buiteland by ons Ou-Testamentici verbygaan of doodeenvoudig net geïgnoreer word.

# Stille nag – maar die nag was nie stil nie

## Die engele lied van Lukas 2:14 en Psalm 28 en 29

**AH Bogaards**

**2022**

## Die Ou-Testamentiese agtergrond van die engele lied van Lukas 2:14

Almal ken die lied wat deur die engelekoor gesing is toe Christus gebore is. Hier is dit:

*En skielik was daar saam met die engel 'n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê: Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae! (Luk 2:13-14)*

Dit is 'n baie bekende lied. Maar – wie van ons weet dat hierdie lied '**n Ou Testamentiese agtergrond** het? En – dat die engele reeds in die Ou Testament opgeroep word om die HERE te *eer* en om van die *vrede* te sing?

Daardie Ou Testamentiese agtergrond waarvan ek praat, is Psalm 28 en 29.

In Psalm 29 hoor ons van die hemelinge of engele en dat hulle aan die begin van die Psalm opgeroep word om die HERE te eer: Gee aan die HERE, o **hemelinge**, gee aan die HERE **eer** en sterkte! Gee aan die HERE die **eer** van sy Naam (vers 1-2).

En daarby eindig Psalm 29:11 met die vrede, wat ons ook hoor in Lukas 2:14: Die HERE sal sy volk sterkte gee, die HERE sal sy volk seën met **vrede**.

Dit wys ons dat die Nuwe Testament diep gewortel is in die Ou Testament en dat ons die Nuwe Testament (ook die engelelied van Lk 2:14) nie goed kan verstaan sonder die Ou Testament nie.

Ek noem dit ter inleiding van hierdie oordenking van my.

Ek wil ook nog baie meer sê oor die verband tussen Psalm 28 en 29. Ook oor ander verbande van Lukas 2:14 met die Ou Testament. Maar dit los ek vir 'n latere studie en oordenking.

Nou die oordenking:

## Stille nag?

*Stille nag, heilige nag*, so lui 'n bekende Kerslied.

Stille nag, maar – die nag was nie stil nie ...

*... want die God van eer donder.*

Wie die engelelied van Lukas 2:13-14 teen sy Nuwe en Ou Testamentiese agtergrond ken en verstaan, sal nooit sê die nag was stil nie ...

*... want die God van eer donder.*

Kom ons kyk na hierdie mooi lied van Lukas 2:13-14 en die geboorte van Christus.

Wanneer Christus gebore word in Belehem, sing die engele:

***Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae!***

## PSALM 29 – die engele se antwoord op die Stem van die HERE

Waar kom die engele van Lukas 2 aan hierdie lied van vers 13 tot 14?

Hulle kry dit in die Ou Testament, in hulle Psalmboek, in die Psalmboek van Christus; hulle kry dit in Psalm 29.

En – Psalm 29 is allermins 'n Psalm van stilte. Intendeel, dit donder:

- Psalm 29 het as opskrif: 'n ***Onweerspsalm***.
- Psalm 29 is ***die Psalm van die sewe donderslae***: Sewemaal hoor ons van die Stem van die HERE: Die God van eer (die God van heerlikheid) donder. Die stem van die HERE is met krag; die stem van die HERE is met heerlikheid. Die stem van die HERE breek seders; ja, die HERE verbreek die seders van die Libanon. (vv 3-5).

In Psalm 29:1 ontvang die engele, die ***hemelinge***, bevel: ***Gee aan die HERE, o hemelinge, gee aan die HERE eer en sterkte!***

***Gee aan die HERE, o hemelinge, gee aan die HERE eer en sterkte!*** Die engele van Psalm 29 moet reageer op die sewe donderslae, op die Stem van die Here. In reaksie op die Stem moet hulle ***aan die HERE eer en sterkte gee***.

Psalm 29 is die ***Eer aan God in die hoogste hemele*** van die Ou Testament.

## Lukas 2:13-14 – die engele se antwoord op die Stem van die Here

Psalm 29 is die Psalm van die Stem van die HERE.

En Lukas 2 is die Nag van die Stem van die Here.



- *En terwyl hulle daar was, is die dae vervul dat sy moes baar; en sy het haar eersgebore Seun gebaar* – dit is die Stem van die Here.
- *En terwyl hulle daar was, is die dae vervul dat sy moes baar; en sy het haar eersgebore Seun gebaar* – die God van eer donder.

Die geboorte van Christus is die Stem van die HERE.

En wanneer die engele die Stem van die Here hoor, wat donder in die geboorte van Christus, antwoord hulle:

***Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense ‘n welbehae!***

En daarmee vervul hulle die opdrag van Psalm 29: ***Gee aan die HERE, o hemelinge, gee aan die HERE eer en sterkte!***

Wanneer God Hom openbaar, as sy Stem weerklink, dan donder dit, dan is dit nie stil nie.

## Sy Stem en – ons antwoord, ons stem van lof, ons Eer aan God

Op sy Stem moet altyd die stem van lof, die eer aan God gehoor word.

Nie net die stem van die engele nie, maar ook die van die koninkryke van die aarde.

In Psalm 68:32-35 hoor ons dit:

***Koninkryke van die aarde, sing tot eer van God; psalmsing tot eer van die Here! Sela. Van Hom wat ry in die hoogste hemele, wat uit die voortyd is; kyk, Hy verhef sy stem, ‘n magtige stem. Gee sterkte aan God! Sy hoogheid is oor Israel en sy sterkte in die wolke. Vreeslik is God uit jou heiligdomme, o Israel! Die God van Israel—Hy gee aan die volk sterkte en kragte. Geloofd sy God!***

***Kyk, Hy verhef sy stem, ‘n magtige stem ... en - dan kry ons nóg ‘n Eer aan God in die Ou Testament.***

Hoe mooi rym Totius dit nie:

***O Koninkryke, sing Gods lof!***

***Laat psalme oprys uit die stof -***

***dis God wat uitgetrek het!***

***Hy ry, bekleed met eer en mag,***

***hoog deur die hemel van sy krag***

*wat Hy met storms bedek het.*

*Die donderstemme, swaargedug,*

*verkondig in die hoë lug*

*sy mag voor al die volke.*

*Gee sterkte=aan God - sy hoogheid is*

*oor Israel, sy erfenis;*

*sy mag is in die wolke.*

*Hoe vreeslik is U, HEER, alom*

*uit u verhewe heiligdom,*

*omring deur sterkte=en ere!*

*Dis Isr'els God wat wonders werk*

*en wat sy volk met krag versterk:*

*U loof ons, HEER der here! (Psalms 68:15 en 16)*

En die herders van Belehem het die *Eer aan God* van die engelekoor verder gedra in hulle *Eer aan God*, want *die herders het teruggegaan en God verheerlik en geprys oor alles wat hulle gehoor en gesien het*. Hulle reaksie op die Stem van God (*alles wat hulle gehoor en gesien het*), was dat hulle *God verheerlik en geprys* het.

Waar die mens die Stem van God in die Evangelie van sy Seun hoor, daar antwoord ons met 'n stem van lof: *Eer aan God in die hoogste hemele*.

## En die Stem donder vanaf Genesis tot in Openbaring

In Genesis begin dit - die Stem van God. *En God het gesê ...* (Gen 1:3)

En tot in Openbaring donder dit:

*En ek het 'n ander sterk engel uit die hemel sien neerdaal, bekleed met 'n wolk, en 'n reënboog was oor sy hoof, en sy aangesig was soos die son, en sy voete soos pilare van vuur; en in sy hand het hy 'n geopende boekie gehad, en hy het sy regtervoet op die see gesit en sy linkervoet op die land; en hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het die sewe donderslae hulle stemme laat hoor.* Openbaring 10:1-3

Die sewe donderslae van Psalm 29!

## Stilte? Nee- maar nét wie ore het om te hoor sal hoor

Stille nag, maar – die nag was nie stil nie!

... want die God van eer donder.

*"Eer aan God, die hoogste Heer!"*

*ruis dit uit 'n stemmese.*

*"Vrede op aarde, vrede weer!"*

*En die donker nag ruis mee.*

*"Welbehae, eind'loos groot,*

*in die mens, Gods gunsgenoot!"* (Skrifberyming 4:3)

Nee, die wêreld het in daardie nag *niks* gehoor nie. Hoe hard dit ook al gedonder het.

Maar die gelowiges het dit *wél* gehoor:

*Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.* (Matteus 11:15)

Geen stilte nie, maar die God van eer donder.

## Die verband van Psalm 28 met Psalm 29

Dit is werklik baie belangrik dat julle ook **Psalm 28 met aandag in verband en samehang met Psalm 29 sal lees.**

Ek wil veral op die **slotvers van Psalm 28** en die **slotvers van Psalm 29** wys en daarmee die aandag vestig op die allernouste verband tussen die twee Psalms.

Psalm 28 vers 9 is 'n **gebed**. Psalm 29 vers 11 is **gebedsverhoring**, die verhoring van die gebed van Psalm 28:9. En die gebedsverhoring gaan voluit in vervulling in Lukas 2:14:

- Die **gebed** van Psalm 28:9 lui: Verlos u volk en seën u erfdeel, en wees vir hulle 'n herder en dra hulle tot in ewigheid.
- Die **gebedsverhoring** in Psalm 29:11 sê: Die HERE sal sy volk sterkte gee, die HERE sal sy volk seën met vrede.

- En die **volle verhoring** van die gebed kry ons in die engele lied van Lukas 2:14: vrede op aarde.

## Die vervulling in ons lewe en ons gebed

Die **vrede** van Lukas 2:14 is **ook vir ons 'n saak van gebed**. Die vrede wat God in Christus vir ons bring, ontvang ons op ons gelowige gebed. Wie die Vredevors van Betlehem en sy vrede gelowig omhels – so iemand **eer God**. Eer aan God in die hoogste hemele.